**SKRIFLESING**: Lukas 2:8-14
Johannes 14:27 “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.”
Matteus 5:9 “Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.”
Romeine 12:18 “As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.”

**Tema:** Geseënd met vrede.

‘n Paar jaar gelede was “Seppie, die soldaat” ‘n bekende strokiesverhaal in van ons koerante. Seppie was die troepie wat gewoonlik vrae aan die sersant gevra het.

Eendag was hulle met ‘n skietoefening doenig toe Seppie die sersant vra waarom hulle dan moes oefen om te skiet. “Gedurende die laaste 2000 jaar was daar maar vir ongeveer 200 jaar vrede in die wêreld”, was die sersant se antwoord.
“Maar dan moet ons mos eerder oefen om vrede te maak as oorlog?”, was Seppie se mening.

Dit vat nie 2000 jaar om agter te kom dat daar altyd oorlog en geweld in die wêreld is nie. Ek lees iewers raak dat daar in 2022 nagenoeg ‘n kwartmiljoen mense dood is in oorloë oor wêreld. Ek is nie seker of hierdie inligting korrek is nie.
Ek hoef egter maar net die name Oekraine, Gazastrook of talle Afrika-lande soos byvoorbeeld Soedan te noem om ons te laat besef hoeveel bloedvergieting daar is. Ons eie land is ‘n droewige misdaad verhaal van 75 mense wat per dag vermoor word. Vredespogings hier en op vele ander plekke in die wêreld kom net nie van die grond af nie.

Waar daar mense is, is daar onvrede, want mense dien hul eie sondige belange. Dit veroorsaak konflik en konflik kan so maklik oorgaan in geweld.

Onvrede is nie net ‘n internasionale of nasionale ding nie, dit begin by ‘n interpersoonlike ding – mens teen mens. Nee, onvrede begin nog nader aan myself, dit is ‘n persoonlike ding. Wanneer ek nie vrede met myself het nie, kan ek nie vrede met ander hê nie.

Hier aan die einde van 2023, hoeveel vrede is daar in jou lewe?

Het jy vrede met God? Van ons is bang vir Hom. Ons dink aan Hom as ‘n “kwaai ou Man” wat net sit en wag dat ons verkeerd doen sodat Hy ons kan straf. So maklik verwyt ander van ons vir God vir alles wat verkeerd gaan. Of ons hanteer Hom soos ‘n kersboom, ons haal Hom net so vir ‘n week of twee per jaar uit wanneer ons Hom nodig het.

Wanneer jy in die spieël kyk, het jy vrede met jouself? Of worstel jy emosioneel of fisiek, jou drome het nie waar geword nie, jou skip het nie ingekom nie. Dalk is ‘n geliefde oorlede en jy is alleen en bang.

Wanneer jy deur die ruit kyk, het jy vrede met ander? Dalk het julle gesinsverhoudings verswak en is daar onvrede in die familie. Dalk het ‘n jarelange verhouding skipbreuk gely. Of daar is spanning en onvrede onder kollegas by die werk.

In Jesaja word die Here onder andere die Vredevors genoem. Almal word uitgenooi na Sy verjaarsdagviering. En Hy wil vir elkeen van ons 'n geskenk gee. Hy wil ons onder andere seën met sy geskenk van vrede.

Nou vra jy dalk of Hy regtig sy geskenk van vrede vir jou wil gee? Jy voel so onwaardig. Wie is ek nou eintlik? Ek worstel, struikel, val en voel sondig. Ek is soms verantwoordelik vir onvrede en dit begin baiekeer in my huwelik of in my eie huis.
Die eerste genooides na Sy krip was skaapwagters. Ten tye van die geboorte van Jesus was skaapwagters min of meer op die onderpunt van die sosiale leer. Hulle was arm en is dikwels as skelm beskou. Hulle was so onbetroubaar dat hulle getuienis nie in die hof aanvaar is nie. Hulle het hulle op die buitenste rand van die samelewing bevind, tussen die geringstes. Hierdie eenvoudige vuil skaapwagters op wie neergesien is, is die die eerste ontvangers van sy geskenk van vrede.

Dit maak dus nie nie saak wie jy is of waar jy jou tans in jou verhouding met Here bevind nie, Hy wil vir jou laat deel in sy vrede geskenk.

Dit is belangrik om raak te sien dat dit nie 'n verwese groepie afvlek engele is wat die lied van Lukas 2:14 sing nie. Hier is ook nie sprake van romantiese nagtelike kerskaartjie rustigheid nie. Terwyl die skaapwagters versteen staan en luister na die engel wat aan hulle verskyn het, skuif die gordyn tussen die sigbare en onsigbare oop en 'n "menigte hemelse vredemakers in diens van die Vredevors" tree aan en begin sing. Vanuit die hemel sing hulle 'n oorwinningslied wat vertel van die geboorte van die Vredevors. Die lied wat hulle sing is baie meer as net 'n gerusstelling van die skaapwagters. Dit vertel van die oorwinning wat Hy oor die magte van onvrede gaan behaal. In Hom breek 'n nuwe bedeling van vrede aan.

Hy werk vrede tussen God en mens. Die name wat die engele gebruik verduidelik waarom God sy Seun gestuur het. Hy is Jesus, dit beteken Hy is ons Verlosser en Redder. Hy is Christus, die Gesalfde Seun van God. Hy is die Here, ons nuwe Eienaar of Besitter wat ons ten duurste gekoop het. Hy het dit vanoggend weer deur die doop aan ons almal kom bevestig.

Hy het die verhouding tussen ons en God kom herstel. Nou is daar vrede tussen ons en God.

Hy werk ook 'n innerlike vrede met myself. Vrede is een deel van die vrug van die Heilige Gees. Wanneer ek toelaat dat die Heilige Gees sy vrede in my werk, dan maak Hy my nie net vol nie, Hy maak my oorvol sodat Sy vrede uit my lewe uitvloei en vrede tussen mens en mens word 'n werklikheid in my gesin, die gemeente, die gemeenskap en die wêreld oor.

Hierdie vrede is nie 'n passiewe vrede nie. Vrede is meer as daardie oomblik in die geskiedenis wat almal gelyk stop om te herlaai. Dit is meer as die afwesigheid van sigbare konflik, terwyl daar steeds 'n koue oorlog aan die gang is.
Dit is nie toesmeer, maak of ek nie sien, stilbly om maar ten alle koste "vrede" te bewaar nie. Dit is 'n aktiewe vrede.

In Matteus 5:9 sê die Here nie geseënd is die wat vrede liefhet nie, maar geseënd is die wat vrede maak. Ons is kinders van die Vredevors wat ons sy Vredemakers maak.

Wees opnuut Sy Vredemakers wat bid vir vrede. Wat, soos die engele en skaapwagters, getuig van sy vrede en sy vrede aktief uitleef. Kom ons gaan leef dit wat Hy in die volgende 2 verse beveel:

"As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe." (Matteus 5:23-24)

Romeine 12:18 "As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense." Alle mense gaan nie jou hand van vrede aanvaar nie. Maar hou aan om dit uit te reik. Omdat jy die Vredevors as Here dien, wees jy 'n vredemaker. As al die Here se kinders dit doen, moet daar meer vrede in die wêreld wees!

Ongelukkig vaar wêreld afgelope 2000 jaar goed met oorlog. Ons moet leer om op te hou skiet en vrede te maak. Ons is geseënd met die geskenk van vrede van die Here. Hy maak van my en jou Sy vredemakers.
Amen